Kleinia longiflora

E: Sjambok bush, paintbrush flower

A: Sambokbos (verskillende skryfwyses) Gelukbos

D: Besen-Greis-Kraut

H: Orukwasena

Kleinia longiflora is ‘n struikagtige stamsukkulent, wat ons seker almal ken; dit kom in die westelike droë landstreke asook in die oostelike sandgronde van noord na suid in die hele land voor. In die somer lyk dit vaalgroen, as dit lekker gereën het, heldergroen, as dit koud gekry het in die winter pers en as dit uitdroog grys. Dit groei gewoonlik so tussen 50 cm en 1 m hoog, kan egter hoër word. Die stam is grys as dit oud is. Van daar vertak dit, die takke is glad (sonder hare) en geriffel in die veld, in die tuin kry dit gewoonlik baie water en is vet en rond. Daar is of min blare of uitgedroogtes, of hulle is heeltemal afwesig. In die tuin het dit langwerpige sukkulente blare. Hoewel daar in verskeie berigte beweer word, dat dit vol son wil hê, sien ek dit by ons in die veld meestal onder bome of struike in halfskaduwee staan.

Enkele vet, langwerpige blare

Die blomme is klein, maar wel baie aantreklik en word graag deur insekte besoek.
Die saadjies het op die een kant ‘n vliegaparaat bestaande uit haartjies wat kwasvormig uitsprei. Die wind tel hulle maklik op en dra hulle weg, totdat hulle êrens neergaan, bly lê en wag vir ontkieming.

Vir die boerdery speel hierdie struikie geen rol nie, maar feitlik in die hele Afrika is dit ‘n belangerike plant met **reinigingseienskappe;** as bv. ‘n kind by die Boesmans gesterf het, ondergaan die familielede almal afsonderlik ‘n “rookbad”, voordat hulle weer by die res van die gemeenskap toegelaat word.
Die Ovahereromense behandel opgeswelde en seer bene met of ‘n stoom- of ‘n rookbad of van die gekneusde stingels in water gesit of die wortels in vuur gesit.
Algemene ongemaksgevoel van die ingewande kan met ‘n aftreksel van gekneusde stingels behandel word. Daar is nog meer gebruike, te veel om op te noem. (E.von Koenen).
In die Kalahari maak die Boesmans snuif van die plant.

In Windhoek sien ek dit baie in stads-, maar ook in privaattuine. In ‘n tuin kry dit meestal meer en meer gereeld water en lyk dan ook ietwat anders. Dit het bv. ‘n gesonde groen kleur. Dit het blare. Die takke

groei nie so styf opreg nie, maar is slapper, so gaan ongelukkig die mooi vorm van die plant verlore. (Dit gebeur dikwels by vetplante in huise en/of tuine ; a.g.v. te veel water vergroot die enkele selle ten nadeel van die oorspronklike vorm)

Sien die dikte van ‘n stingel in die tuin en die ene in die veld na die winter. Die veldstingel is duidelik geriffel en die groeipunt voor bevat meer vloeistof as die ou stingel. Die tuinstingel is vet en rond sonder riffels.



Die sjambokbossie kan maklik uit steggies gekweek word. As dit eers wortel geskiet het, het dit maar min water nodig. Voordelig is, dat die plant nie woes vermeerder en die tuin vervuil nie ten spyte daarvan dat dit baie saad produseer

String of bananas *Sstring of pearls* *Kleinia fulgens* *Kleinia barbertonica*

Die Kleinia-familie is groot,daar is nog baie, baie meer van hulle, wat uitstekend kan gebruik word in potte en hangmandjies, veral in kombinasie met spesies wat opreg staan en spesies met takke wat afhang. Aangesien hulle min water nodig het en nie wild en woes groei nie, is hulle ideale huis-, stoep- en rotstuinplante. Hulle mors ook nie baie nie, en baie van hulle blom in die winter, waar daar gewoonlik nie so baie kleur in die tuin is nie.

Inligtingsbronne: Flowering plants of the Kalahari dunes (Noel van Rooyen)

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Guide to Garden Succulents (Gideon F.Smith, Ben-Erik van Wyk)

Teks en fotos: Anka Eichhoff, Foto vergroting van blom: Udo Kleyenstüber (DANKE)

September 2017